



NG Kerk Randburg

groeï. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za

Dr Liesl Nickols - 082 840 1880; liesl.nickols@gmail.com

<http://www.ngrandburg.org/>
facebook.com/ngkerkrandburg

28 Julie 2024

VANDAG

- Erediens:** Dr Liesl Nickols. **Efesiërs 3:14-21** *God's Liefde.*
- Kategese:** Alle kinders eers in erediens. **Kleuterkerk** (3-6 jr tydens erediens in koffiekroeg); **Gr 1-3** (tydens erediens in Kamer 1); **Gr 4 en 5** (Kamer 2); **Gr 6 en 7** (Afdak); **Gr 8 en 9** (Konsistorie); **Gr 10 en 11** (Belydenisgroep in koffiekroeg na erediens).
- Nuwe lidmate – baie welkom!** Ontmoet vir Sakkie en Elsa Louw by die diens-toonbank.
- Omgeegroepe** soos deur leiers gereël.

ONS LEWE

1. Program vir die volgende weke

4 Aug	Doop (Emma Crous). Wynveiling kaartjies te koop
18 Aug	Nagmaal; Omgeegroepe
25 Aug	Kerkraadsvergadering

- Randburg 80:** Die gemeente vier fees in Oktober en November. Ons wil graag met van die vroegste jare se families kontak maak. Stuur asb enige inligting na ngrburg@mweb.co.za
- Gemeente-ete en Wynveiling: Vrydag 30 Augustus – 18:30:** Die tradisie is nou reeds gevestig - 'n groot aand van lekker eet met 'n 3 gang maaltyd, gesellig kuier en uitsoek wyne vir elke smaak en sak te koop. Die wins gaan vir ons Kerskardoesse 2024 subsidies - en ons weet hoe groot die nood is. Merk asseblief die datum en nooi familie en vriende. Kaartjies @ R100 vir die ete sal binnekort beskikbaar wees. Die veiling-katalogus kan per e-pos aangevra word: leo@sunbirdaloes.co.za.
- Tegniese span:** Ons benodig baie dringend nog lidmate wat tydens die erediens kan help met klank en media. Kontak asb vir Sas (083 672 0163).

GELUK MET DIE VERJAARSDAG



- 29/07 Mieke Botha, Reo Laurens, Teresa Marais, Banus Marais, Theuns Volschenk
30/07 Andries Graaff
31/07 Xander van der Westhuizen
01/08 Elmien Auret, Marnëlle van der Merwe
02/08 Hermann Botha, Anne-Marie Crous, Anna-Marie Heritage, Leona Wilke

ONS GEE OM

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Dolf Müller** (082 854 8815), **Johan Kemp** (082 700 8896), **Di Hart** (083 226 5486) en **Hennie Meyer**.
2. **Operasies en hospitalisasie en gesondheidsprobleme**
 - **Frik Krause** (083 270 6927) ondergaan intensiewe kanker-terapie.
 - **Zariëtte Greeff** (082 325 0907) ondergaan Vrydag 'n operasie as deel van haar kanker behandeling.
 - **Basie Wessels** (083 629 5837) herstel na 'n heup-operasie.
 - **Kobie du Toit** (Marietjie – 082 498 1415) is verswak en word in Edenhaven versorg..
3. **Simpatie: Sebastiaan Crous** (082 612 0198) en gesin met die afsterwe van sy vader.
4. **Baie geluk: Francois en Anica Knoetzen** (073 336 3391) met die geboorte van hulle seun *Frans Roelof*.

GEBEDSBEDIENING

'n **WhatsApp-groep** van gebedsvennote ontvang gebedsversoeke. Rig **versoeke** aan Marisa Combrinck – 082 823 8654. Gebedsversoeke kan op die **kaartjies** by die kandelare gelaat word.

Ons bid in hierdie week ...

- Vir elkeen wat van 'n operasie en terapie herstel en vir almal wat treur oor 'n dierbare.
- Vir ons land se toekoms ... vir leiers wat mekaar vind.

WOORD VIR DIE WEEK ...

Efesiërs 3:14-21

1. **Openingsvraag** (*Die openingsvraag bring ons gedagtes na die fokus van die gesprek toe.*)
 - Behalwe nou vir hierdie kleingroep/Bybelstudiegroep waaraan jy nou behoort (wat natuurlik die beste ooit is, wat is die lekkerste span/klub/organisasie waaraan jy al ooit behoort het? Hoekom is/was dit vir jou die lekkerste?
 - Wat maak ons (on)gemaklik binne 'n groep?
 - Ons is besig met 'n reeks oor Familie-wees – jou gesin, jou familie, maar ook jou kerkfamilie. Wat is die ooreenkomste/verskille – vir jou – tussen die twee?
2. **Ons storie nou** (*Hier wil ons saam ontdek hoe ons tans oor die tema dink.*)
 - Indien julle gemaklik is om so eerlik met mekaar te wees, bespreek die volgende vraag versigtig: *Een van die belangrikste kenmerke van die Kerk behoort liefde te wees. Is die Kerk (ons gemeente/ons kleingroep) 'n plek waar jy liefde en aanvaarding ervaar? Is die Kerk vir jou soos 'n familie waaraan jy behoort? Hoekom (nie)? Wat dink julle moet verander?*
3. **God se storie** (*Hier wil ons graag die teks van vandag bestudeer. 'n boodskap oor tema.*)
 - Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
 - Kyk na die verwysings na liefde in die teks. Wat beteken dit?
 - Paulus verwys in v 16 en 20 na 'krag' wat tot ons beskikking is. Wat behels die soort krag?
 - Waarna verwys die "rykdom van sy heerlijkheid" in vers 16?
 - Wat beteken dit dat as ons sê 'Jesus woon in ons harte'? (Vers 17).

4. **Hoe die Bybel ons storie verander** (*Ons ontdek hoe hierdie Bybelstorie ons lewe beïnvloed.*)
- Jy besef natuurlik dat wanneer ons die Kerk kritiseer, ons onself kritiseer? Natuurlik mag ons die Kerk kritiseer – dit beteken ons sien ons eie foute raak. Wat gaan moet ons egter daaraan doen? Wat moet ons verander sodat ons meer kan wees soos wat Jesus wil hê ons moet wees?
 - Vers 14 sê ons is familie van God. Wat is die belangrikste huisreëls van ons geestelike familie?
 - Hoe kan ons hierdie week sy krag ervaar en sy liefde uitleef?

JEUG

In samewerking met Fontainebleau Gemeenskaps Kerk sal Randburg jeugdienste bywoon elke Sondag van 17:00 by FGK. Daar sal altyd een of twee verantwoordelike leiers teenwoordig wees! Geen RSVP nodig nie.

SNUFFELGIDS

1. **Motorhuisdeure:** Installasie, herstel en diens. Puik en vinnige diens. Nico – 081 350 2187.
2. **Blomme en dekor vir enige geleentheid:** Kontak Betsie (082 442 6373) vir meer inligting.
3. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
4. **Vrystaatse lamsvleis:** Vol of ½ lam opgesny en vakuum verpak soos verkies, afgelewer by huis. Boerewors en bees maaltvleis ook beskikbaar. Kontak Martiens (071 609 8937).
5. **Betroubare verwerk:** Diet Masenya (072 850 0588) lewer 'n uitstekende diens as verwer en algemene herstelwerk. Afrikaans en Engels goed magtig. Verwysings beskikbaar.
6. **Loodgieter - Plumbing Beat:** Gekwalifiseerde en gelisensieerde loodgieter. Vir alle loodgieter probleme. Skakel Maurice van Wyk (076 266 2068) vir goeie en spoedige diens.
7. **Te Koop:** Handgemaakte pophuise tussen R500-R750 in verskillende kleure beskikbaar. Kontak 072 287 1406 vir navrae.
8. **Wondersalf te koop:** Help vir sinus, spierpyne, bytplekke, sonbrand ens. R110 per houer. Navrae by kerkkantoor of 083 226 9988.

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.



VIR GESINNE IN DIE WEEK

Ouers en kinders: Sluit by dr Liesl se WA groep vir gesinne aan:

<https://chat.whatsapp.com/G5XOpIBFQRoJPQOCqF4kmf>.

Familie Tuisblad



28 Julie 2024

1

Begin hier

START

Iemand het eendag vir kinders gevra wat liefde is. Van die antwoorde was:
*Liefde is wanneer jy uitgaan om te eet en vir iemand die meeste van jou chips gee sonder dat hulle vir jou enige van hulle s'n gee.

*Liefde is wanneer my ma vir my pa koffie maak en sy 'n slukkie vat voordat sy dit vir hom gee, om seker te maak die smaak is reg.

*Toe my ouma artritis kry, kon sy nie meer buk en haar toonnaels verf nie. So my oupa doen dit heelyd vir haar, selfs toe sy hande ook artritis gekry het. Dis liefde.

*Jou onderwyser wys liefde wanneer sy jou help met jou huiswerk.

Hierdie beskrywings van liefde het altyd iets te doen met mense wat vir mekaar iets gee of doen. In die storie van Jesus wat vir duisende mense kos gee met 'n bietjie brood en vis, sien ons iets van liefde, maar ook van gawes. In die kerk praat ons baie kere van gawes as iets waarmee jy baie goed is, of maklik regkry. Maar dit is ook soveel meer as dit. Gawes is die dinge wat God vir ons gee om ons te help om Hom lief te hê.

2

Lees
Johannes 6:1-13



3

Gesels



- As ons sê liefde is iets wat jy doen en gee vir mense, wat is die tekens van liefde in die storie?
- Jesus vra eerste vir Filippus: "Waar moet ons brood gaan koop vir so baie mense?" Wat het dit vir Filippus moeilik gemaak om lief te hê?
- Ek wonder wat die mandjies met oorskiet vir ons vertel van Jesus se liefde?

4

Bid



Neem elkeen 'n beurt om vir Jesus dankie te sê vir drie dinge waardeur ons weet dat Jesus lief is vir ons.

5

Doen



Sê vir elkeen in die huis hoe julle weet daardie persoon is lief vir julle. Bv. Pappa is lief vir ons, want hy speel met ons as hy van die werk af kom.

Of wees 'n geheime liefde-agent. Gaan plant skelm vir elkeen van die mense vir wie jy lief is, 'n liefde geskenkie, sonder dat hulle weet. Byvoorbeeld 'n briefie of 'n lekkertjie op elkeen in jou huis se kussing.